# STELLENBERGER
## September 2020

## Lig – in 'n tyd van oorgang
deur: Ds. Marius Breytenbach



Ons bevind ons nou, in die laaste paar maande van 2020, in 'n tyd van verandering, of oorgang. Dié jaar het skielike en radikale veranderinge in mense se lewens en in ons omgewing teweeg gebring. Die vraag ontstaan nou – Hoe lei die Here ons in sulke tye van oorgang en hoe oorkom ons die uitdagings van hierdie tyd?

In Oktober- en Novembermaand gaan ons tydens eredienste fokus op figure in die Bybel wat in oorgangstye geleef het en ons gaan stilstaan by die wyses waarop die Here hulle gehelp het om opnuut sin in hulle veranderde omstandighede te vind.

Ons gebruik in hierdie tyd 'n kers as simbool van God se lig wat sin aan ons gee in tye van onsekerheid. Die lig herinner ons aan die Heilige Gees wat ons in oorgangstye leer, troos, genees en inspireer om nuwe moontlikhede te verken. In samehang met die preekreeks skenk ons dan ook met die oog op die tiendemaandinsameling, aan elke gesin 'n wit kers (Lees meer hieroor in die artikel oor die tiendemaandinsameling). Lees meer . . .

---

## Vosburg Vrydag 2 Oktober
Die Vosburg Vrydag word op Vrydag 2 Oktober vanaf 15:00 aangebied. Klaarvoorbereide etes sal ten bate van die NG kerk Vosburg verkoop word. Met die verskuiwing na vlak 1 van inperking




verslap sekere regulasies m.b.t. sosiale verkeer. Daar sal dus wel geleentheid vir saamkuier in die markplein en die area buite die markplein wees. Diegene wat verkies om hulle kos net af te haal, is welkom om so te maak. Plaas asseblief jou bestelling vir etes voor of op 25 September om teleurstelling te voorkom. Daar sal wel 'n beperkte hoeveelheid etes en produkte beskikbaar wees wat sonder vooraf bestellings te koop aangebied word.

Die volgende etes kan bestel word: Lees meer . . .

---


# Ons eie verskyn-en-verdwyn-winkel




Opskiet-, of verskyn-en-verdwyn-winkels, of soos dit in Engels bekend staan *pop up shops*, is 'n nuwe gier wat die sakesektor oor die wêreld heen beetgepak het. In die lig van die feit dat die gemeente se jaarlikse feesmark gekanselleer moes word omdat dit nie volgens Covid-19-regulasies aangebied mag word nie, het Marilize Verreynne en Adri du Randt, feesmarkorganiseerders, nuwe planne probeer maak en 'n opskietwinkel lyk vir hulle twee soos 'n wenresep.

"'n Opskietwinkel wat in die saalkompleks aangebied word, kan aan al die Covid-19-veiligheids-maatreëls voldoen en ook terselfdertyd aan handwerkers en entrepreurs wat swaar deur die inperking getref is, 'n geleentheid bied om 'n inkomste te verdien en gemeenteprojekte sal ook by die bykomende inkomste baatvind," sê Marilize. Lees meer . . .

---



# Eredienste hervat in die kerk

Met die verskuiwing na vlak 1 van inperking verslap maatreëls aangaande die aanbieding van eredienste en word eredienste in die kerk en kapel vanaf **Sondag 4 Oktober** soos volg hervat:

- ’n Gesamentlike oggend-en-gesinsdiens om 09:00 en 11:00 in die kerk waar 250 kerkgangers per diens geakkommodeer sal word. Die saalgedeelte van die kerkgebou word met tafels en stoele ingerig sodat gesinne saam rondom die tafels kan sit.

- Die meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en sal 40 kerkgangers akkommodeer. Die meditatiewe diens sal vanaf 4 Oktober nie meer aanlyn beskikbaar wees nie.

- Die Relevant-diens word om 18:00 in die kerk aangebied.

- Kyk aanlyn om 09:00 na die direkte uitsending van die oggend-en-gesinsdiens via ons webwerf, of die YouTube-kanaal. ’n Opname van die diens sal ook vanaf 10:00 beskikbaar wees waarna jy enige dag, of tyd kan kyk.

- Tee en koffie sal na die dienste buite in die teetuin beskikbaar wees.

- Geen vooraf besprekings is nodig nie.

- Die dra van maskers is verpligtend.

Rig enige navrae rakende die hervatting van eredienste aan ds. Marius Breytenbach by 082 376 6053/marius@stellenberg.co.za.

---

# Sien die gevaartekens raak



Deur: Rudolph van Schoor

Hoe weet ek dat ek in sogenaamde beseringstyd is? Dat ek die een is wat hulp nodig het?

Dit is nie altyd maklik om te besef, of die tekens dat ’n mens hulp nodig het, raak te sien nie. Dit gebeur dikwels dat die mense ná aan jou, diegene is wat jou eerste van die gevaartekens bewus maak. Dit kan ook ’n argument by die werksplek, of ’n projek wat skeefloop as gevolg van jou swak konsentrasie en uitbranding, wees, wat ’n mens laat besef dinge is nie meer in balans nie. Iewers in die maalstroom van die lewe is daar ’n oomblik waartydens ’n mens besef dinge is net nie reg nie en dat jy nie meer heeltemal jou ou self voel nie. Die gevaar lê daarin dat mense dikwels hierdie oomblikke van gewaarwording ignoreer.

Ons ignoreer dit om verskeie redes, maar eerstens omdat dit moeilik is om aan jouself te erken dat jy nie meer alles op jou eie kan hanteer, of uitredeneer nie. Verder ondervind ek ook dat mense gevaartekens ignoreer omdat hulle bloot voel hulle kan nie die tyd afstaan om hul gemoedsprobleme uit te stryk nie. Soos een van my kliënte vir my gesê het: “Die werk kan nie stop nie. Die projek moet sy loop neem.” Maar, ek is egter steeds van mening dat die stigma wat daaraan verbonde is om hulp te vra, vir die meeste mense die grootste struikelblok in die weg van die soeke na hulp is. My vermoede is dat die voorstelling wat baie van ons het, rakende hoe iemand wat hulp soek, lyk, baie ver van die realiteit verwyderd is. Lees meer . . .

# Tiendemaandinsameling – ons moet ligdraers wees



Met vanjaar se tiendemaandinsameling het ons dit goedgedink om aan elke gesin 'n kers te gee om ons simbolies te herinner dat ons die lig in en vir die wêreld moet wees – gesamentlik as deel van die geloofsgemeenskap, maar ook as individue.

Kom ons dink daaraan dat:

- God eerste lig geskape het.

- God se heerlikheid die velde verlig het toe Hy in Jesus mens geword het.

- 'n Ster die wyse manne na Jesus se geboorteplek gelei het.

- Die Messias in die Ou Testament metafories beskryf word as "die Son van Geregtigheid".

- Die Here se woord vir ons die lamp wat die weg wys en die lig op ons pad is.

Kom ons oordink ook hoe ons elkeen kan leef sodat Matteus 5:14-16 in ons huise, families, vriendekring, werkomgewing en woonbuurte in Suid-Afrika sigbaar sal word. Die teksgedeelte verg die volgende van ons: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." Tydens die onseker tyd wat ons tans in Suid-Afrika en in die res van die wêreld beleef, moet ons juis erns met hierdie opdrag maak.

Ons tiendemaandinsameling geskied in die Bybelse tradisie as simboliese offer van 'n tiende wat gelowiges skenk as teken van dankbaarheid.

Die kerse sal vanaf Sondag 4 Oktober by ons oggenddienste beskikbaar wees sodat lidmate dit kan saamneem huis toe. Lidmate word uitgenooi om een kers per gesin te neem. Verder gaan ons die kerse ook binne ons tradisionele binnewyke aan huisgesinne uit deel. Indien jy bereid is om met die uitdeel van die kerse in jou straat of onmiddellike omgewing behulpsaam te wees, kontak my asseblief. Indien jy nie die kerkdienste in Oktober kan bywoon nie en nie in die tradisionele binnewyke woon nie, maar graag 'n kers wil hê, kan jy gerus die vrymoedigheid neem om die kerkkantoor te kontak by 021 976 4519 of navrae@stellenberg.co.za, sodat ons die nodige reëlings kan tref om dit by jou huis af te lewer. Lees meer . . .

# 'n Nuwe manier van doen

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Ons het soos die inperkingstyd verleng is, toenemend meer navrae aangaande die doop van babas ontvang. Om ouerpare te akkommodeer het ons binne die perke van COVID-19-maatreëls spesiale doopdienste in die kerk begin hou. Die bywoning van die dienste is eers tot 50 persone beperk, maar toe was dit minstens vir dooppare moontlik om hulle nabye familie na die plegtigheid te nooi.

Ons het sedert die begin van September reeds ag babas gedoop en ons beoog om nog sewe babas in Oktober te doop. Dit bly vir ons as leraars 'n wonderlike voorreg om by die doop van lidmate se babas

betrokke te wees en die sakrament selfs ten tye van hierdie noodtoestand te eer. Lees meer . . .





**Ons dooplidmate**

Eswee en Tanya van der Merwe saam met Imke van der Merwe en hulle familie.



**Belydenisaflegging**

Ter wille van sosiale distansiëring is die saalgedeelte van die kerk met tafels en stoele ingerig sodat gesinne bymekaar kon sit tydens die belydenisaflegging.

---



# ’n Halwe kerk?

Deur: Dr. Braam Hanekom

Die COVID-19-pandemie het baie uitdagings aan ons almal kom stel. Ook het dit nie die kerk vrygespring nie. Laat ek egter eers dit sê, gelukkig hou Christus self sy kerk in stand, oor alle eeue heen. Ons hoef dus nie paniekerig te raak nie, maar dit beteken nie dat ons moet ophou dink nie.

Laat ek nou my probleem verduidelik. Na die grendeltyd begin het, het gemeentes verwoed begin om aanlyn kerk te hou. Dit het onder omstandighede goed gewerk en verrassende nuwe moontlikhede vir die kerk gebied. Tog is daar beslis wesenlike dele van kerkwees wat nie betrek kon word nie. Lees meer . . .

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan | Eversdal, Wes-Kaap 7550 ZA | www.stellenberg.co.za

**Share this email:**

Manage your preferences | Opt out using TrueRemove™
Got this as a forward? Sign up to receive our future emails.
View this email online.

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan
Eversdal, Wes-Kaap | 7550 ZA

This email was sent to .
*To continue receiving our emails, add us to your address book.*

Subscribe to our email list.